________________________________

Wat beteken dit om skatte op aarde te versamel ? ________________________

________________________________

Hoe lyk skatte wat in die hemel versamel word?

Lukas 4:18, 19 ____________________

________________________________

1Timoteus 6:17 ___________________

________________________________

Wat is die ander probleem met aardse skatte? ______________________
Prediker 5:9 _____________________

________________________________

Hemelse skatte waarborg dividende

Matteus 10:42 ____________________

________________________________

1Petrus 1:4, 5 ____________________

________________________________

Grootste gevaar van skatte in die Hemel: Mat 6:21 Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees.

Skat — hart — oog — optrede

As jou oog goed is, sal jou hele liggaam lig hê. Maar as jou oog sleg is, sal jou hele liggaam sonder lig wees. As die lig in jou donker is, hoe donker moet dit dan nie wees nie! (Mat 6:22; 23)

‘n gefokusde oog of ‘n verdeelde hart

Hebreërs 12:1-2 ____________________

________________________________

**Jy moet kies!**

Mat 6:24 Niemand kan vir twee base tegelyk werk nie. Hy sal óf die een minder ag en die ander een hoër, óf vir die een meer oorhê en die ander een afskeep. Julle kan nie God én Mammon dien nie.

Openbaring 3:17 ___________________

________________________________



**Mens tot mens**

Bid opreg vir mekaar.

Vra nou daar in die groep of daar iemand is met finansiële nood en kyk of julle groep daarin kan voorsien.

# Waar is jou skat?



*Nederduitste Gereformeerde Gemeente Middelburg*



### Mens tot mens

Waarom maak diefstal en oneerlikheid ‘n mens so kwaad?

Wat is die kosbaarste ding wat jy op aarde besit?



### Mens tot God

**308 Neem my lewe, laat dit, Heer**

---

1. Neem my lewe, laat dit, Heer,
U gewy wees meer en meer.
Laat my hart gedurig juig
en van dankbaarheid getuig.

4. Neem my goud en silwer, Heer
niks noem ek my eie meer.
Al my kennis en verstand
stel ek in u vaderhand.

5. Maak my hart vir U tot troon
deur u Gees wat in my woon.
Rig my wil, gevoel en daad
altyd na u wyse raad.

Vra iemand om die Bybelstudie in Gebed aan die Here op te dra.



### God tot mens

# Matteus 6:19–24

# Skatte in die hemel

19“Moenie vir julle skatte op aarde
bymekaarmaak waar mot en roes dit verniel
en waar diewe inbreek en dit steel
nie.20Maak vir julle skatte in die hemel
bymekaar, waar mot en roes dit nie verniel
nie en waar diewe nie inbreek en dit steel
nie. 21Waar jou skat is, daar sal jou hart ook
wees.” liggaam 22“Die lamp van die liggaam
is die oog. As jou oog goed is, sal jou hele
liggaam lig hê. 23Maar as jou oog sleg is, sal
jou hele liggaam sonder lig wees. As die lig
in jou donker is, hoe donker moet dit dan nie
wees nie!” 24“Niemand kan vir twee base
tegelyk werk nie. Hy sal óf die een minder ag
en die ander een hoër, óf vir die een meer
oorhê en die ander een afskeep. Julle kan nie
God én Mammon dien nie.”

### Moenie!

Hoe verskil hierdie gedeelte met die res van die bergrede tot so ver? Waarom dink jy is dit so? ___________

___________________________

**Is dit dan verkeerd om besittings bymekaar te maak?** (Genesis 24:35; 26:12-14; 26:6-7; 1Kronieke 2:28; 2Kronieke 17:5; Matteus 27:57. Spreuke 8:21;13:22; 21:20; 1Timoteus 6:17 ___________________________

___________________________

**Drie beginsels wys vir ons die pad aan:**

**Skatte** *(thesauros)* ___________________

Lukas 12:16-21 ___________________

___________________________

**Die plek waar jy dit versamel**

1Johannes 2:16 ___________________

___________________________

Jakobus 4:4 ___________________

___________________________

**Die rede waarom jy versamel**

Efesiërs 4:28 ___________________